



Druk die vorm en vul dit in.

Skandeer en e-pos na [mentorvennoot@mweb.co.za](mailto:mentorvennoot@mweb.co.za), of faks na 022 482 4233.

## **PROJEKOOREENKOMS: MENTORVENNOOT EN AANSOEKER**

Aanvaarding van hierdie voorwaardes is die laaste stap in u aansoek vir die dienste van 'n mentor. Daarmee verklaar u dat u, die aansoeker, saamstem met Mentorvennoot se reëls en prosedures wat hieronder uiteengesit word en dit aanvaar.

### **Inhoud van die mentoringstaak**

Die inhoud, omvang en tydsduur vir afhandeling van die diens en die prys wat daarvoor betaal sal word, word in die vorm "Aansoek vir 'n mentor" uiteengesit, en soos gewysig en aangevul met verdere korrespondensie, en dit maak alles 'n integrale deel uit van hierdie ooreenkoms.

Indien daar enige verandering in enige van hierdie besonderhede nodig blyk te wees na ondertekening hiervan, moet dit as 'n ooreenkoms wysiging hanteer word. Die wysiging, of 'n nuwe vervangende ooreenkoms, moet vooraf skriftelik deur Mentorvennoot, die aansoeker en die mentor bevestig word voordat geldig sal wees en uitgevoer sal word. Anders bly die oorspronklike ooreenkoms van krag.

### **Koste**

U betaal die ooreengekome bedrag vir die diens aan Mentorvennoot, tensy daar ooreengekom is dat daar geen koste verbonde aan die diens sal wees nie.

### **Mentoring**

U en die mentor sal onderling ooreenkom en reëlings tref oor hoe en waar die diens gelewer sal word volgens julle albei se bepaalde omstandighede.

### **Aksies vereis van die aansoeker**

Om die mentor met die nodige agting en respek te behandel sodat 'n vertrouensband geskep kan word vir die lewering van die diens. Die mentor doen dit omdat hy of sy graag vir u wil help om u eie posisie te verbeter en nie vir eie gewin of voordeel nie.

Om die Projekafsluitingsvorm aan die einde van die diens in te vul en direk aan Mentorvennoot te e-pos of faks. Die mentor sal sy verslag en aanbevelings daarop invul en dit aan u oorhandig om verder in te vul. Wanneer Mentorvennoot die vorm van u af ontvang, sal dit as outomatiese goedkeuring dien dat die mentoringdiens suksesvol voltooi en afgehandel is en dat die mentor se betaling vir sy dienste kan geskied.

Indien van toepassing, moet die ooreengekome bedrag vir die diens aan Mentorvennoot betaal word sodra die Projekafsluitingsvorm aan Mentorvennoot versend is. Daar word hiervoor op die integriteit van die aansoeker staat gemaak.

### **Regsaspekte tov die projek**

Die mentor sal alle inligting wat hy of sy tydens die mentoring ontvang of van bewus word, as streng vertroulik tussen hulle twee hanteer. Die mentor is nie in diens van Mentorvennoot nie en kan nie vir

Paraaf: ..... ..

Mentorvennoot in enige opsig wetlik verbind of verplig nie. Die raad en aanbevelings van die mentor word onbevange as 'n spesialis gegee op grond van die inligting wat van die aansoeker ontvang is maar die aanvaarding daarvan en enige aksie wat daarop volg bly die verantwoordelikheid van die aansoeker alleen. Indien die aansoeker en/of sy maatskappy enige moontlik skade sou ly of enige nadelige gevolge sou ondervind agv die diens of enige van die aanbevelings wat gemaak is, sal die aansoeker nie enige wetlike prosedures instel of eise instel teen die mentor, Mentorvennoot of enige van Mentorvennoot se personeel nie. Die aansoeker vrywaar die mentor teen enige eise vir skadevergoeding of vervolging in verband met die projek of as gevolg van die implementering van enige aanbevelings van die mentor. Enige regsdispuut wat mag voortvloei uit hierdie ooreenkoms sal deur arbitrasie beslis word deur 'n arbiter waarop al die betrokke partye sal ooreenkom.

**Ooreenkoms**

Die partye tot hierdie ooreenkoms is:

Mentorvennoot NPC, registrasienommer 2012/082050/08, hieronder verteenwoordig deur:

.....

en

.....

verteenwoordig deur:

.....

Die ondergetekende verteenwoordigers van beide partye verklaar dat hulle bevoeg en gemagtig is om hierdie ooreenkoms namens hulle onderskeie prinsipale aan te gaan en te onderteken.

Geteken:

Getuie:

Datum:

.....

.....

.....

Geteken:

Getuie:

Datum:

.....

.....

.....

Paraaf: ..... ..